**DIE EENHEID EN VERSKEIDENHEID VAN 'N SOSIALE ORDE**

**'THE ONE AND THE MANY"**

I. Gebed

II. Skriflesing: Genesis 1

III. Belydenis: Geloofsbelydenis van Atanasius

## Inleiding

Geagte vriende, ek lees vir u 'n gedeelte voor van 'n brief wat ek 'n paar maande gelede van 'n goeie vriend en geloofsgenoot ontvang het, wat my gemotiveer het om met u vanaand oor die onderwerp van "eenheid en verskeidenheid'* te kom gesels. Ek haal vir u net 'n gedeelte aan:

> *"Slabbert, dit raak al meer nodig dat ons as Afrikaner Christene vir onsself die eenheid vs verskeidenheid storie uitmaak. Net vandag weer het ons die geval in Potgietersrus waar die staat die feit dat die ouers Afrikaneronderwys aan hulle kinders wil verskaf, uitgebuit en in die proses die model C skole en daarmee saam dan ook Christenonderwys by die agterdeur wil uitgooi. Maar hoe moet ons as Afrikaner Christene die eenheid vs verskeidenheid sien? As Christene is ons tog een met alle ander Christene, maar dit beteken nie dat ons opgehou het om Afrikaners te wees nie, ons is tog ook anders. Wanneer kan en moet Afrikaner Christene met ander Christene saamwerk?..."*

Ek gaan my nie nou hier uitspreek oor hoe Christelik die model C skole in die verlede was of vandag is nie, dit is 'n onderwerp vir 'n ander lesing. Ek wil my bepaal by die volgende vrae van my broer:

- Die vraag na ons siening t.o.v. "eenheid" en "verskeidenheid", en
- wanneer kan Christene (met verskillende belydenis- en kultuuragtergronde) met mekaar saamwerk.

My **doel** is om by my gehoor sekere basiese beginsels tuis te bring met die hoop dat verdere studies gedoen kan word asook antwoorde gevind kan word op bogenoemde vrae. Vir sekeres is wat ek gaan sê ou nuus en vir ander sal dit weer nuwe stof tot nadenke wees. Soos julle gehoor het, het my vriend probleme om die verhouding tussen verskillende Christene en hul kulture te bepaal. Die Skrif leer duidelik dat daar is mos nou geen meer Jood of Griek nie maar dat almal nou een is (cf.Gal.3:28). Alle gelowiges, ongeag van hul kultuurverskille, is dus een in die geloof. Die vraag of probleem is of die geloofsband die verskeidenheid van kulture ophef, en indien nie, tot watter verhouding staan verskillende gelowige kulture tot mekaar. Dit is maklik om daaroor te teoretiseer en te filosofeer, maar hoe kom dit tot uiting in die alledaagse praktyk?

Hierdie "probleem" van eenheid en verskeidenheid kom ook op ander terreine van die lewe voor soos bv. in die huwelik, gesin, kerk, staat, ens. Die vrae wat my vriend vra is dus onderliggend aan 'n veel groter vraagstuk waarmee nie net ons nie maar baie mense regdeur die geskiedenis geworstel het. Dit is my verdere doel om vanaand meer duidelikheid te gee oor hierdie vraagstuk asook wat ek glo, die Christelike antwoord of oplossing is [Hier wil ek graag 'n voetnota by my lesing voeg deur te sê dat God van ons 'n kinderlike geloof vra en nie 'n kinderagtige geloof nie.

Ons geestelike groei in Jesus Christus sluit nie groei in kennis en verstand uit nie. Luk.2:40 en 52 leer ons dat Christus toegeneem het in wysheid en in Matt. 22:37 word van ons gevra om God met ons hele hart, siel en verstand lief te hê. Om sekere vraagstukke te bepeins en te oordink is dus nie in stryd met gelowig wees nie, solank dit binne die raamwerk van die Skrif bly, cf. Ef.1:17].

Daarom vra ek dat my gehoor dit wat ek oor gaan spreek, in die lig van die Bybel sal bedink. Ek verwys u na die geraadpleegde werke wat duideliker sal toon wat ek vanaand met u wil deel en hoop om nie enige van hierdie groot gelowige denkers se werke enige skade aan te doen met my uiteensetting nie. Hiermee wil ek in die besonder dankbare erkenning verleen aan dr. RJ Rushdoony se werk: *"The One and the Many: Studies in the Philosophy of Order and Ultimacy"* wat die basiese raamwerk vorm van hierdie lesing, veral die eerste 2 en die laaste hoofstuk. Tot sover my inleiding.

V. **Werkswyse**: My werkswyse is soos volg (teen agtergrond van die inleidende vrae):

- Eerstens, die konsepte, "eenheid en verskeidenheid" en "sosiale orde" kortliks te definieer.
- Tweedens, kortliks te kyk na sekere sienings uit die geskiedenis ten opsigte van die eenheid vs verskeidenheid verskynsel.
- Derdens, te kyk na 'n moontlike Christelike of Bybelse oplossing, en
- Laastens, bogenoemde inligting terug te reflekteer na my vriend se vrae asook 'n vooruitskou te gee vir die toekoms.

## 1. DEFINISIES

1.1. 'n Sosiale orde definieer ek vir die doeleindes van hierdie lesing as daardie basiese instellings waarin en waarmee die mens in al sy verbande en aktiwiteite hier op aarde besig is. Dit behels 'n verskeidenheid van instellings wat ek groepeer onder die volgende: gesin (huwelik), kerk, volk en staat. Daar is vele ander asook vele onderafdelings maar ter wille van simplisiteit volstaan ek hierby. Hierdie sosiale orde, soos Rushdoony dit stel, is gebaseer op 'n belydenis, 'n sekere siening van die lewe en alles wat dit behels, en verteenwoordig 'n sekere geloof (godsdiens) in aksie [1968:219].

1.2 "Eenheid en verskeidenheid" is my Afrikaanse vertaling van die Engelse filosofiese term "the One and the Many" [1978:2]. Daar is ook ander terme en vakterme, veral in die filosofiese denksisteme van groot filosowe soos Dooyeweerd, Van Til en Stoker, bv. eenheid en veelheid, eenheid en veelsoortigheid, soewereiniteit in eie kring en universaliteit in eie kring, ens., maar ek verkies bogenoemde terme. Sien asb. die geraadpleegde werke vir verdere inligting oor bogenoemde denkers. Ek verduidelik vir u hierdie konsepte aan die hand van twee van die bogenoemde instellings: die huwelik en die volk. Let wel: Net soos ek nie hier praat van 'n spesifieke huwelik nie praat ek nou ook nie hier van 'n spesifieke volk nie maar van die huwelik en volk in die algemene sin van die woord.

1.2.1. Eenheid verwys nie noodwendig na 'n nommer nie, maar na die idee van een groot geheel van dinge (bv. die huwelik waar man en vrou saam 'n geheel vorm; die

volk waar die volksgenote saam 'n geheel vorm).

1.2.2. *Verskeidenheid verwys* weer na die individualiteit of partikulariteit van dinge (bv. man en vrou as individue elkeen afsonderlik; en die volksgenote as individue elkeen afsonderlik).

Die mens word dus op al hierdie terreine of instellings van die lewe gekonfronteer met die feit dat daar orals (ook in die natuur ! - sien bv. Gen.1 eenheid is ('n geheel) asook verskeidenheid ('n individualiteit). Uit bogenoemde kom die volgende probleemstelling, waarvan my vriend se vraag een van daardie terreine dek, en waarmee die mensdom in sy geskiedenis nog altyd opsoek is na antwoorde, naamlik:

“... wat is die finale (mees fundamentele - "ultimate?") en die belangrikste, en WAAR SETEL DIE GESAG: in die eenheid of die verskeidenheid, m.a.w.

- in die huwelik, of in die man en/of die vrou afsonderlik;
- in die kerk in sy geheel of in die lidmate afsonderlik;
- in die volk in sy geheel of in die volksgenote afsonderlik;
- in die staat in sy geheel of in die burgers afsonderlik ?

Met hierdie vraag kan gekyk word na sekere sienings wat deur die geskiedenis tot uiting gekom het om hierdie "probleem" of "stryd" tussen eenheid en verskeidenheid op te los.

## 2. MOONTLIKE OPLOSSINGS

Dit moet onthou word dat onderliggend aan enige mens, soos Dooyeweerd [1972:1-60] en ander dit duidelik uitgewys het, is 'n sekere lewens- en wêreldbeskouing wat gevorm word deur daardie persoon se mees basiese uitgangspunt aangaande God (of wat afgodies in God se plek gestel word), die mens, die natuur asook hul onderlinge verband met mekaar [Sien Stoker,1967:15].

Dit word ook genoem 'n mens se religieuse grondmotief wat die fondament vorm van al sy denke, doen en late. Dit is dus vanselfsprekend dat elke sosiale orde wat gevorm is en gevorm word in die geskiedenis, oor sekere grondliggende gelowige grondmotiewe sal beskik, wat op sy beurt weer in twee basiese strominge ingedeel kan word, naamlik Christelik of nie-Christelik is. Die geskiedenis is dan ook 'n openbaring, ontplooiing en uitwerking van daardie basiese grondmotiewe, hetsy in gehoorsaamheid aan God en Sy Woord (Teonomie); of in gehoorsaamheid aan die mens en wat hy uit homself voortbring (Outonomie). Augustinus noem dit die stryd tussen die Stad van God en die Stad van die Mens.

Die Westerse beskawing soos ons hom vandag ken, is dan ook basies gevorm deur die volgende vier sentrale religieuse grondmotiewe (cf. Venter, 1973):

2.1 Die Griekse grondmotief van <u>vorm vs materie</u>: Die vorm het gedui op idee, gedagtes, goddelike en wat dus goed, mooi en reg was. Die materie dui op die aardse dinge, fisiese dinge wat "sleg" is.

2.2 Die grondmotief van die Christendom: <u>Skepping, sondeval. Verlossing, Wederkoms</u>. Dit sal verder bespreek word in die afdeling wat handel oor die Christelike oplossing.

2.3 Die Romanisme (of Thomisme): <u>natuur vs genade</u>. Natuur dui op die fisiese skepping, die aardse dinge wat "sleg" is en die genade op God, bo-aardse, geloof ens. en wat mooi en goed is.

2.4 Die modern-humanistiese grondmotief. <u>natuur vs vryheid</u>: Hierdie grondmotief gaan 'n stap verder deurdat die bonatuurlike ontken word en net die mens en die (meganiese) natuur oorbly. Die groot verskil tussen hierdie en bogenoemde grondmotiewe is dat terwyl bogenoemde (in mindere en meerdere mate) nog oorsprong, verklaring, betekenis en toekoms soek in die bonatuurlike, verwerp hierdie grondmotief die bonatuurlike en soek sy sin alleen in die mens en die natuur. Deur middel van wetenskap en tegnologie sal die mens sy eie koninkryk en heil uitwerk. Geloof word iets irrasioneel en 'n blinde sprong in die duister. Daar is dan 'n duidelike tweestryd tussen geloof en wetenskap. Die twee "Humanist Manifesto's" van die twintigste eeu en wat daaruit gevloei het, is 'n duidelike getuie en belydenis van hierdie soort geloof.

Al bogenoemde grondmotiewe was en is dus dialekties, antiteties of teenstrydig van aard, behalwe die Christendom. Daarom het daar in die filosofiese soeke na antwoorde in die geskiedenis (wat betref nr's 1,3 en 4) na bogenoemde vrae, basies twee alternatiewe standpunte ontstaan om die eenheid vs verskeidenheid probleem op te los: Realisme of Nominalisme.

<u>Realisme</u> [Waarheid is universeel]: Die eenheid is finaal en die bron van gesag, d.w.s. die huwelik, kerk, volk en staat se siening is finaal en die bron van gesag. Die Griekse en die Thomistiese grondmotiewe het hier sy neerslag gevind as 'n mens let op Plato se idee van 'n Ideale Staat en die verabsolutering van die Kerk in die Middeleeue waarin die individu weggeraak het en net die geheel of een as belangrik en gesaghebbend beskou is. Die hedendaagse idee van messiaanse state, onder leiding van die Verenigde Nasies vind ook sy filosofiese fondamente in die realisme.

<u>Nominalisme</u> [Waarheid is partikulêr/veelheid]: Die verskeidenheid is finaal en die bron van gesag, d.w.s. die vrou of man, die volksgenote, die lidmate, en die burgers se standpunt is finaal en die bron van gesag. Die modern-humanistiese grondmotief is nominalisties van aard aangesien die Renaissance en die Verligting die mens, d.w.s. die individu in die middelpunt van alles geplaas het. Die Franse Rewolusie, met sy slagspreuk van "vryheid, gelykheid en broederskap", wat beteken het geen God oor hulle nie, was 'n duidelike gevolg van die nominalistiese oplossing, as mens dit 'n oplossing kan noem. Ook die twintigste eeu met sy menseregte-kultuur vind sy grondslag in die nominalisme, waarin die individu losgemaak word van alles behalwe homself, as die middelpunt van gesag en finaliteit.

Die logiese gevolge van nominalisme is anargisme, want geen waarheid of realiteit bestaan los van die partikulêre oftewel die individu nie. God, wet, owerhede, kerk, gesin en moraliteit is abstrakte denke wat die mens se tirannie verteenwoordig en dus verwerp moet word om sodoende die individu weer in die middel te plaas as die bron van realiteit en waarheid.

Geloof word net 'n persoonlike saak, wat gewoonlik in eie selfregering, in plaas van Gods-regering, eindig. Geloof is net my saak en het niks met my gesin, kerk of land te doen nie. U kan die duidelike tendens in hedendaagse selfopgelegde profete en martelaars sien.

Op godsdienstige terrein d.m.v. die Wêreldraad van Kerke en ander bewegings word daar weer gepoog om alles een te maak (sien ook die Belhar-belydenis wat net die

eenheid beklemtoon, ten koste van die verskeidenheid). Realisme word gesien as die oplossing. Verskeidenheid word dan meermale gesien as verdeeldheid, verskeurdheid en word as "sondig" verwerp. Die Wêreldraad van Kerke word, soos die pous van die Roomse kerk, is absoluut is dan die stem van die kerk waarin die lidmate se geloofsbelydenis wegraak. In teenstelling met die Protestantse Reformasie wat waarheid as die fondament, en voor (en nie teenoor) eenheid geplaas het, is die hedendaagse moderne Protestantisme besig om blindelings te verkondig dat eenheid = waarheid, en waarheid = eenheid.

U sien dus, soos wat ek kortliks vir u uitgewys het, dat die geskiedenis, vanaf die Griekse stadstate, die Romeinse keiserryk, die Pousdom en die moderne humanistiese tydperk, 'n deurlopende getuienis is van sosiale ordes wat vasgevang is in die dialektiese stryd tussen realisme en nominalisme, oftewel eenheid en verskeidenheid. Elke beskawing of land wat nie God Drie-enig en Sy Woord as fondament het vir beide sy verlossing en inrigting van sy sosiale orde nie, verabsoluteer of die eenheid (gesin, kerk, staat) of die verskeidenheid (man/vrou se regte, lidmate, burgers, ens) of in baie gevalle, albei.

As 'n mens 'n deeglike studie doen van ons land se geskiedenis, dan sal 'n mens agterkom dat ons, soos ook in die hele wêreld, ook maar telkemale vasgevang is (en nog steeds is) in hierdie filosofiese menslike oplossings vir die samelewingsordening nl. of Nominalisme of Realisme, en ons dra steeds die bittere gevolge daarvan. Vandag het ons in ons land 'n situasie waar beide die staat en die individu verabsoluteer word, soos die staat al meer mag oor alle lewensterreine verkry en soos die individu d.m.v. die menseregte ideologie al meer absolute regte verkry. Dit is slegs die Christelike standpunt wat 'n antwoord bied waarin 'n ware oplossing <u>(maar let wel nooit 'n volmaakte oplossing hier op aarde)</u> gevind kan word.

## 3. DIE CHRISTELIKE OPLOSSING

Die Christelike oplossing is heel eenvoudig: nie die eenheid of verskeidenheid is finaal of die belangrikste nie. Albei is ewe belangrik en nodig maar nie een is finaal of absoluut nie aangesien niks in die skepping finaal of absoluut is nie, maar alleen die Skepper van die skepping: die Drie-enige God.

Dit hef ook die gesagsprobleem op aangesien die finale gesag nie in die eenheid (huwelik, kerk, volk, staat) of die verskeidenheid (man/vrou, lidmate, burgers) setel nie maar in God alleen wat die hoogste en finale Wetgewer is, deur Sy Woord en Gees. Die mens en sy instellings het wel afgeleide gesag wat aan God verantwoordelik is en deur Sy Wetboek beperk word. Geen mens of instelling is dus absoluut nie.

Die Christelike oplossing vind sy basis in die Triniteitsleer soos geopenbaar in die Skrif en uiteengesit in die Christelike kerk se belydenisskrifte van Athanasius (4 de eeu), die Apostoliese Geloofsbelydenis (2de eeu) en die Nederlandse Geloofsbelydenis (16de eeu): artikels 8 en 9 (lees dit op eie asseblief).

Die Protestantse Reformasie, in lyn met die Bybel en die getuienis van die vroeë kerk en kerkvaders, het met sy rykdom van Skrifgefundeerde belydenisskrifte (16de en 17de eeu) weer die geloof in die Drie-enige God opnuut in die middelpunt van die hele lewe erken en geplaas. Met hul basiese belydenis van sola Scriptura, sola fïde, sola gratia, soli Christo en soli Deo Gloria, het hul die regte grondmotief in die sentra van die lewe en denke geplaas. Nie aan die Griekse gode, Romeinse keisers, pous,

kerk of staat nie maar aan God alleen die eer ! Met verwysing na die belydenisskrifte wat ek vir u gelees het, verduidelik ek vir u soos volg en maak ook sekere gevolgtrekkings daaruit:

Eerstens, bely ons dat God een in Wese is (God), én onderskeie in drie Persone (Vader, Seun en Heilige Gees). God se Een-wees is nie meer finaal en belangriker as Sy drie Persone nie, en die drie onderskeie Persone is nie meer finaal en belangriker as God in Sy Een-wees is nie. Alle vorme van subordianisme (bv. Christus is minder God as die Vader) word totaal en al verwerp deur die ortodokse Bybelse Christendom, soos meer spesifiek gesien kan word in die kerk se belydenis van Athanasius (4de eeu n.C.) en van Chalcedon (451 n.C.) [sien Rushdoony, 1968. Hieruit kan ons aflei dat God se een in Wese en onderskeie in drie Persone albei gelyk absoluut finaal en ewe belangrik is. Die belydenis van Atanasius punt 25 en 26 stel dit so:

> "En in hierdie Drieheid is daar nie eerste of laaste nie, meeste of minste nie, maar al drie Persone het **gelyke ewigheid en is heeltemal aan mekaar gelyk**, sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê is, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word." [eie beklemtoning]

Tweedens, is daar die Skepper-skepping skeiding en onderskeiding (Gen.1). Om verwarring te voorkom, moet ons die teologiese en filosofiese onderskeiding handhaaf tussen wat genoem word die ontologiese en die ekonomiese triniteit van God. Die eerste dui op die verhouding wat die drie Persone van die Godheid tot mekaar het (geskei in Wese van die skepping) en die tweede na die verhouding waarin God met Sy skepping staan (onderskeie in verhouding tot die skepping).

Daar moet dus 'n duidelike onderskeid gehandhaaf word tussen die ewige eenheid en verskeidenheid van God wat volkome, ewig en onafhanklik van die skepping staan; en die tydelike eenheid en verskeidenheid in die skepping, wat deur die mens se toedoen, gevalle is, nie volmaak is nie, afhanklik is van sy Skepper en sonder God in stryd met mekaar is. As ons dan die ewige eenheid en verskeidenheid van God erken, dan erken ons ook die tydelike eenheid en verskeidenheid van Sy skepping. Dr. Cornelius van Til stel dit so [1955:25, beklemtoning bygevoeg]:

> "In God the one and the many are equally ultimate. Unity in God is no more fundamental than diversity, and diversity in God is no more fundamental than unity. The persons of the Trinity are mutually exhaustive of one another. The Son and the Spirit are ontologically on a par with the Father. ... it is only in the Christian doctrine of the triune God, as we are bound to believe, that we really have a concrete universal. In God's being there are no particulars not related to the universal and there is nothing universal that is not fully expressed in the particulars. It goes without saying that if we hold to the eternal one and many in the manner explained above we must hold the temporal one and the many to be *created by* God ... If the creation doctrine is thus taken seriously, it follows that the various aspects of created reality must sustain such relations to one another as have been ordained between them by the Creator, as superiors, inferiors or equals. **All aspects being equally created, no one aspect of reality may be regarded as more ultimate than another**."

Derdens, God het alles geskape en daarom moet en kan alles net verstaan word in die lig van Sy Woordelikse Openbaring. Alle feite, van die kleinste tot die grootste ster of planeet, kan alleen reg verstaan en geken word in die lig van die God van die

Bybel. Alle waarheid, om reg geken te word, moet gesien word in die lig van ons Skepper en Verlosser, en daarom moet ons as verloste sondaars, deur Sy genade alleen, o.g.v. Christus se verdienste, en niks uit onsself nie, agter God aandink wat betref alles waarmee ons gekonfronteer word. God deur Sy Woord en die krag van die Heilige Gees, vorm daarom die fondament, **nie net van ons verlossing nie, maar van ons totale lewe, al ons denke, woord en dade asook al die relasies en samelewingsverbande waarin ons geplaas is.**

Die eenheid en verskeidenheid, is in die skepping vasgelê, soos wat ons gelees het in Genesis. God het gesê dat dit *alles* goed was. Dit is Hy wat die geskiedenis: heils- kerk-, en wêreldgeskiedenis soos 'n simfonie lei na sy eindbestemming. Dr. Van't Spijker sien dan ook daarin, vanuit die gereformeerde belydenis, die trinitariese karakter van geskiedenis raak [1931:13], terwyl dr. Henry Morris in sy werk, die geskape triniteit van ruimte, tyd en materie aanwys [1989:275].

Dit vorm die teologiese, filosofiese en historiese fondament waaraan ons moet vashou en waarop die beginsel van eenheid en verskeidenheid in die Goddelike en menslike instellings gevestig moet word. Daarmee moet ook gesê word dat nie elke mensgemaakte vorm van eenheid en/of verskeidenheid noodwendig reg is nie. So 'n verkeerde voorbeeld kan wees as iemand redeneer dat al die verskillende kerke wat hulself die naam Christelik toe-eien, in der waarheid almal net 'n verskeidenheid is van 'n groter eenheid: die onsigbare Kerk. Dit gaan juis, soos wat hier bepleit word nie net oor die gedagte van eenheid en verskeidenheid nie ***maar ook*** die fondamente waarop dit moet rus: die Waarheid, God se onfeilbare Woord.

Daaruit volg <u>vierdens</u>, dat die mens se probleem nie die eenheid of die verskeidenheid van mense, strukture of volke is nie (dit is nie 'n [meta]fisiese probleem nie), maar die probleem is dat daardie eenheid en verskeidenheid nie gehoorsaam onder en volgens God se gebod ingerig word nie (dit is 'n etiese probleem). Nie-Christelike grondmotiewe sien die mens se probleem as metafisies van aard, naamlik dat of die eenheid of die verskeidenheid die probleem is, bv. die huwelik is 'n probleem so ons bly net saam of keur gay-verhoudings en huwelike goed; die kerk is die probleem so ek stig my eie persoonlike kerk; die volke is die probleem so ons dwing een groot nuwe ‘rainbow nation’ af, die staat is die probleem so ons bevorder kommunisme en anargisme, ens.

Dan is ons terug by die sondeval in die tuin waar die mens almal en alles die skuld gee behalwe homself (Gen.3). En dit vind regdeur die geskiedenis plaas, ook in ons eie land: skaf net apartheid af dan sal vrede, voorspoed en veiligheid oor ons neerdaal. Die laaste ses jaar getuig net van die teenoorgestelde, omdat alhoewel sekere prysenswaardige hervormings aangepak is, is die kernprobleem (en oplossing) van die mens nog nie in SA erken of bely nie.

Die probleem, soos enige Bybelse Christen behoort te weet, is sonde in die mens se hart en gevolglik die ongehoorsame weiering om sy hele lewe volgens God se gebod in te rig. Enige persoon, hetsy die straatveër of die president van 'n land, wat nie in sy lewe en amp hom nie deur God se Woord laat regeer nie maar deur sy eie of ander mense se wysheid, is besig om roof te pleeg en homself te bedrieg as hy enige voorspoed of seën van God verwag (CF. Calvyn in sy voorwoord van sy Institusies aan koning Frans I). Die mens en sy sosiale orde is daarom albei ewe gelyke aspekte van die God geskape en gegewe realiteit, wat in die lig van die Skrif reg verstaan en ingerig moet word.

Vyfdens, die mens se roeping was en is nog steeds om God as koning, priester en profeet te dien deur Hom op aarde te verteenwoordig, deur sy hele lewe volgens Sy Wet in te rig, altyd tot eer en lof van Sy Naam. Die *mens* se sondeval en volharding daarin belemmer hierdie taak deurdat hy sy hele lewe en dus ook sy sosiale orde (met al sy eenheid en verskeidenheid) wil inrig volgens wat hyself dink reg en verkeerd is, los van, en teen God se Woord (Gen.3:1-5). Die mens wil sy eie god wees en poog in die geskiedenis deur verskeie middele (Grieke: Ideale Staat; Romeine: keisers; Middeleeue: Pousdom; messiaanse heilstate vandag) die Koninkryk van die Mens bou.

Sesdens, dit is alleen God deur Christus wat die mens red van sy eie boosheid en weer in die posisie stel om God in alles (ook sy sosiale ordes) volgens sy gebod te dien. Dit beteken nie net 'n heilige lewenswandel nie, maar ook die taak om vanuit die wedergebore hart alles onder die heerskappy van Christus te bring. Die mislukking van die Christendom van elke tydperk of geslag om 'n ware Christelike beskawing daar te stel (of verder te neem), is meestal as gevolg van die vorming van 'n sintese met een of al die bogenoemde drie nie-Christelike grondmotiewe.

Gevolgtrekking: Enige religieuse grondmotief, wêreldbeskouing, geloof of belydenis wat dus enigiets in die skepping verabsoluteer, of dit nou eenheid of die verskeidenheid is, as die hoogste en finale gesag, is gevolglik in opstand teen die Gewer van daardie eenheid en verskeidenheid.

So 'n verwêreldlike humanistiese ideologie is nie net besig om 'n bepaalde sosiale orde of beskawing te ondermyn nie, maar tas verder die hart van die Evangelie aan, nl. ons verlossing in Christus, aangesien die mens geleer word om te vertrou op perde en strydwaens, en nie in die krag van die HERE om hom uit al sy ellende te red nie. Die man of vrou, die kerk, die volk of die staat word die bron van verlossing en gesag in so 'n standpunt wat dan moet voorsien in al die mens se behoeftes. So word die gesin, kerk, volk of staat God op aarde en hul woord word wet wat allerhande tiranniese wyses afgedwing word.

Die belangrikste van alles en die noodlottigste van alles vir so 'n beskawing, ook die hedendaagse beskawings van die wêreld, is dat die heilige, regverdige, genadige Drie-enige God nie meer in alles erken en geëer word nie, en dan geld hierdie skrikwekkende en tog vertroostende woorde van God:

> "Maar nou spreek die HERE: Dit is ver van my; want die wat my eer, sal Ek eer; maar die wat My verag, sal veragtelik wees." 1 Sam.2:30.

## 4. VANDAG EN DIE TOEKOMS

Ten slotte, hoop ek wat ek reeds genoem het vir u meer duidelikheid gebring het, en selfs antwoorde op my vriend se bogenoemde vrae gegee het. Ek sal dit self soos volg wil toepas.

Ons land se probleme vandag, is nie 'n politieke of eers 'n volkereprobleem nie. Die feit dat ons verskillende volke is, en ook as gelowiges aan onderskeie volke behoort is nie die probleem nie. Die probleem is wanneer ons daardie onderskeie kulture en volke nie volgens God se gebod wil inrig nie, *deur* of as volke onderling ongehoorsaam aan God te lewe en/of deur volke, kulture, tale, ens. kundig of onkundig te wil vernietig, hetsy deur fisiese oorlog of wetgewing ('n geskrewe oorlogsverklaring).

Ons probleme is dat al die volke in SA van God of afgedwaal het of nog nooit vir

God erken het nie, soos die nuwe grondwet 'n duidelike getuienis is. Daarin word 'n god heel op die einde van die grondwet gevra (toestemming gegee?) om al ons goddelose en wettelose opstand teen die enige ware God en Sy Gesalfde Seun, Jesus Christus, te seën (Ps.2). Gelukkig hou Ps.2 nie by vers 3 op nie !

Ons probleem is dus nie dat daar mense met verskillende kulture en tale en gewoontes is nie, maar die sonde wat veroorsaak dat daardie volke nie in vrede met mekaar kan saamwerk sonder om mekaar te wil vernietig nie. Ons as gelowiges moet bid en werk dat elke volk en kultuur in ons land sy hele lewe sal baseer op die Woord van God, en nie om alle volke saam te dwing om een taal, kultuur en tradisies te hê nie. Ons visie is dat alle volke die Christelike geloof (eenheid) sal hê waarop hulle totale lewe as individue, gesinne, kerke, burgers, ens (verskeidenheid) gebaseer sal wees. Daarvolgens kan op gemeenskaplike terreine saamgewerk word, bv. evangelie, sendingwerk, teen 'n gesamentlike vyand, ens.; en kan elkeen weer sy eie sake behartig waar dit kom by eie kultuur aktiwiteite of inrigting van 'n eie volkslewe. Ek hoop ek het in 'n sekere mate my vriend se vrae vir u help antwoord en dat u tot hulp mag wees. Vir 'n meer volledige histories-filosofiese uiteensetting verwys ek weereens na die geraadpleegde werke.

<u>Ek sluit af</u>: alleen die ewige Eenheid en Verskeidenheid is, was en sal altyd volmaak bly, terwyl die geskape eenheid en verskeidenheid gevalle is en nooit in hierdie lewe volmaaktheid sal bereik nie. Ons moet egter soos wat ons in ons eie lewe strewe na volmaaktheid (Maft.5:48), ook wat betref die handhawing van die tydelike eenheid en verskeidenheid in al sy fasette, strewe na volmaaktheid o.g.v. God se Woord en vir soverre God dit toelaat. Ons toekoms, veral as Christene onder alle volke, is om naas ons eie lewens, ook die totale sosiale orde waarin my volk of kultuur hom vind, in lyn te bring met die Skrif. Wanneer gelowiges uit verskillende volke mekaar se eenheid in die geloof, en tog verskeidenheid van kulture erken, en dit alles op die Skrif fundeer, dan sal en kan daar, as die HERE wil, eendag hier aan die suidpunt van Afrika 'n "Gemenebes van onafhanklike Christelike Republikeinse state" wees wat gebaseer is op God se Heilige Wet, met Jesus Christus as Alleenheerser en Verlosserkoning van daardie volke, waar elkeen in hul onderskeie eenheid en verskeidenheid, in al die aspekte van die lewe, die eer en glorie bring aan die God van die Bybel, die Trinitariese God: Vader, Seun en Heilige Gees: God Drie-enig!

Gepas, sluit ons af met die lees van Psalm 148, wat daardie lof en eer aan God vanuit die hele skepping: in al sy eenheid en verskeidenheid, besing: "HALLELUJA! Loof die HERE uit die hemele ... Loof Hom ... konings van die aarde en *alle* volke, vorste en alle regters van die aarde, jongelinge en ook jongedogters, oues saam met die jonges – laat hulle die Naam van die HERE loof! Want sy Naam *alleen* is hoog; sy majesteit is oor aarde en hemel ..."

## GERAADPLEEGDE WERKE

Calvyn, J., <u>Institusie van die Christelike Godsdiens</u>. Pretoria: Heer Drukkers, [1559], 1984.

Dooyeweerd, H. <u>In the Twilight of Western Thought</u>. VSA: Craig Press, [1960] 1972.

Leith, J.H. (red.), <u>Creeds of the Churches</u>. VSA: John Knox Press, [1963] 1973.

Morris, H.M., <u>The Long War Against God: The History and Impact of the</u>

Creation/Evolution Conflict. Michigan: Baker Book House, 1989.

Ouweneel, W.J., Jeugd in een sterwende eeuw, Amsterdam: B&J, [1977] 1982.

Rushdoony, R.J., Foundations of Social Order: Studies in Creeds and Councils of the Early Church. VSA, Thoburn Press, 1968.

Rushdoony, RJ., The One and the Many: Studies in the Philosophy of Order and Ultimacy. VSA: Thoburn Press, [1971] 1978.

Schaeffer, FA, How should we then live?: The Rise and Decline of Western Thought and Culture, VSA.: Crossway Books, [1976] 1995.

Stoker, H.G., Oorspronq en Riqtinq I en II Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 1967.

Van Til, C, The Defense of the Faith. VSA: P&R Publishing Co., 1955.

Van't Spijker, W., Triptiek van de Geschiedenis, Nederland: Oosterbaan, 1981.

Venter, E.A., Die Ontwikkeling van die Westerse Denke. Bloemfontein: Sacum Beperk, 1973.